



REEKS: OP DIE KRUIS-PAD (MARKUS 14-16)

MARKUS 14:1-11

DIE VROU WAT WYS HOE OM JESUS TE VOLG

Mar 14:1-11 Twee dae later sou dit die paasfees en die fees van die ongesuurde brood wees. Die priesterhoofde en die skrifgeleerdes was op soek na 'n plan om Jesus op 'n slinkse manier gevange te neem en dood te maak. (2) Hulle het gesê: “Nie op die fees nie, sodat daar nie miskien oproer onder die volk kom nie.” (3) Jesus was in Betanië in die huis van Simon die melaatse. Terwyl Hy aan tafel was, het daar 'n vrou gekom met 'n albaste fles egte, baie duur nardusolie. Sy het die fles oopgebreek en die inhoud daarvan op sy kop uitgegiet. (4) Party van die mense het onder mekaar hulle verontwaardiging uitgespreek: “Waarvoor is hierdie vermorsing van reukolie? (5) Hierdie reukolie kon vir meer as drie honderd silwermuntstukke verkoop en die geld vir armes gegee gewees het.” En hulle het teen haar uitgevaar. (6) “Laat staan haar,” het Jesus gesê. “Waarom maak julle dit vir haar moeilik? Sy het 'n goeie daad aan My gedoen. (7) Julle het tog altyd armes by julle, en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goed doen, maar vir My het julle nie altyd by julle nie. (8) Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het vooruit al my liggaam gesalf as voorbereiding vir my begrafnis. (9) Dit verseker Ek julle: Oral waar die evangelie in die hele wêreld verkondig word, sal daar ook vertel word wat sy gedoen het, tot 'n herinnering aan haar.” (10) Judas Iskariot, wat een van die twaalf was, het sy hulp vir die priesterhoofde gaan aanbied om Jesus in die hande te kry. (11) Toe hulle dit hoor, was hulle bly en het hulle belowe om hom daarvoor te betaal. Hy het toe na 'n plan gesoek om Hom by 'n geskikte geleentheid te verrai.



SAAM-PRAAT:

- 1 Gesels oor die verskillende rolspelers in hierdie verhaal. Wie is hulle ?
- 2 Wat is die hoofkenmerk van die godsdiensteleiers se optrede in verse 1-2 en watter boodskap hou dit vir ons in?
- 3 Bespreek die stelling: *Hoe voller jou lewe van jouself is hoe minder plek is daar vir Jesus*
- 4 Watter boodskap hou Judas se optrede in vss 10-11 vir ons in ?
- 5 Met verwysing na mense wat boosheid doen gesels oor die woorde:
But for the grace of God that's me
- 6 Wat het jou die meeste getref in die lewe van die vrou? Waarom?
- 7 Watter woorde van Jesus teenoor hierdie vrou daag jou die meeste uit of bemoedig jou die meeste?
- 8 In watter opsig wil jy 'n beter navolger van Jesus word?